# DIE TOEKOMS VAN KERKPLEIN

Op die onlangse jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria het Professor Dr. S.P. Engelbrecht 'n lesing oor die geskiedenis van Kerkplein gegee.

'n Paar maande van tevore het die stadsbeplanner, mnr. Cooper, ons oor die Holford-skema vir die Kerkplein toegespreek. Beide lesings getuig van die feit dat ons lede 'n diepgaande belangstelling in die toekoms van Kerkplein aan die dag lê.

Die Holford-skema vir die uitlê van Kerkplein vind by ons lede geen byval nie, hoofsakelik omdat die plan die eenheid van die plein verbreek, die geskiedenis daarvan o.i. verontagsaam en die voorgestelde verandering die Stadsraad van Pretoria 'n onnodige groot bedrag sal kos.

Die Kerkplein is in 1855-57 deur landmeter Andries du Toit op 'n pragtige gelyk, ietwat vleiagtige stuk grond, uitgemeet. Die terrein het 'n paar voet van suid na noord gedaal, maar van oos na wes was die daling nog geringer en die plein het 'n natuurlike forum gevorm.

Die Kerkplein het die middelpunt van die stad geword waar baie van die groot gebeurtenisse in die geskiedenis van ons stad, die S.A. Republiek en die Unie van Suid-Afrika plaasgevind het. Vandag nog beskou die inwoners van Pretoria die plein as die geskiedkundige middelpunt van die stad.

In de afgelope eeu het verskeie geboue, wat tans van groot historiese en kulturele betekenis vir Pretoria, Transvaal, ja selfs die hele land is, om die Kerkplein verrys. Ek verwys hier na die Ou Goewermentsgebou, die Paleis van Justisie, die ou "Nationale Bank" en die "Nederlandsche Bank". Groot militêre vertonings en parades het gereeld voor 1900 en daarna tot 1910 op die Kerkplein plaasgevind en die burgers van ons stad het ook dikwels hier vergader.

Tussen 1910-12 het die Stadsraad van Pretoria die voorkoms van die Kerkplein radikaal verander, deur die noordekant af te grawe en die suidekant van die plein tot by die hoek van Pretorius- en Mark (Paul Kruger) straat op te vul. So het die teenswoordige terras met sy balustrade aan die suidekant en die grasperke aan die noordekant tot stand gekom.

Vermelde veranderinge gee die verkeerde indruk asof die Kerkplein baie sterk van suid na noord daal. Hierdie indruk het nuwe inwoners van Pretoria en persone van oorsee miskien beinvloed om planne aan die hand te doen wat ons pragtige Kerkplein nog verder in terrasse sal verbreek.

Ons voel dat die argitektoniese ontwerpe van hoe die Kerkplein verander moet word, meer aandag aan die terrein, geskiedenis, tradisies en servitute van die plein moet skenk. Die gevoelens, wense en voorstelle van ou Pretoriane en burgers van ons stad, in verband met die toekoms van Kerkplein behoort ook deur die Stadsraad besondere oorweging te geniet.

Lede van ons Genootskap dring daarop aan dat inheemse boomsoorte die plein moet versier, b.v. witstinkhout- en geelhoutbome vir skaduwee en kaffer-, wildepeer- en akasiabome vir blom- en kleureffek. Meer vywers en fonteine behoort angelê te word, terwyl die busvervoer en waghuisies van die plein verwyder moet word.

Orals in die wêreld weerspieël die stadspleine die geaardheid van die betrokke land se bevolking, geskiedenis en kultuur. Ons Genootskap verwag dan ook dat ons stadsvaders sal toesien dat die Kerkplein in die toekoms in alle opsigte 'n Afrikaanse plein sal wees.

**W. PUNT**

**VOORSITTER**
Genootskap Oud-Pretoria